

MEMORANDUM (Resensie) Vra vir iemand om jou resensie mooi deur te lees. Vra dan vir hulle om vir jou te sê of hulle kan agterkom of jy die flik / videoe / boek / ens. sal aanbeveel vir iemand anders om na te kyk, en of jy glad nie daarvan gehou het nie. Dink hulle jy het goeie redes gegee hoekom jy so sê.

Werkopdrag 2.1 Begripstoets

Lees nou die stukkie oor Gauteng deur en beantwoord dan die vrae daarna.

Plek van Goud bied iets vir almal

Die Sotho-woord, *Gauteng*, beteken *Plek van Goud*. Dit is die provinsie waarin Johannesburg, Pretoria, die Witwatersrand en die Vaaldriehoek saamgebind is.

Gauteng is een van die grootste nywerheidsgebiede in die Suidelike Halfrond (die deel van die aarde wat suid van die ewenaar lê). Dit het 'n lang geskiedenis en het begin groei toe 'n werklose mynwerker in 1886 goud hier ontdek het.

Uit die klein dorpie van die goudstormloop het 'n stad gegroei waarin die hoogste gebou in die land, die Carltonsentrum, gebou is. In die provinsie word die meeste van die wêreld se goud uit die grond gehaal.

'n Paar feite oor die provinsie

Dit is die kleinste provinsie in Suid-Afrika, maar ons kry die meeste van die land se fabriek hier.

Gauteng se bevolking is 7 miljoen.

Gauteng kry elke jaar omtrent 850mm reën en die son skyn omtrent 8,7 uur per dag (een van die hoogstes ter wêreld). Die gemiddelde temperatuur in die somer (Januarie) is 26 °C en in die winter (Junie) 16 °C.

Gauteng kry in die somer reën en is bekend vir sy donderstorms wat in die middag hier uitbreek.

Verwerk uit: *Beeld*, 26 September 2001

1. Sê of die volgende stellings waar of vals is. As dit vals is, gee 'n rede vir jou antwoord.

1.1 *Gauteng* beteken Plek van Goud.

1.2 *Gauteng* is die grootste provinsie in Suid-Afrika.

1.3 Gauteng het die minste nywerhede in Suid-Afrika.

1.4 Gauteng is bekend vir sy donderstorms in die oggende.

2. Wanneer het Gauteng begin groei?

3. Wat is die hoogste gebou in Suid-Afrika?

4. Verander die volgende sin in 'n vraag, bv. *Ek lees 'n boek - Wat lees ek?*
Gauteng is die kleinste provinsie in Suid-Afrika.

5. Skryf die volgende sin in die ontkenning oor, bv. *Ek is moeg - Ek is nie moeg nie.*
Gauteng is een van die grootste nywerheidsgebiede in die Suidelike Halfrond.

6. Gee die meervoud van die volgende woorde, bv. *man - mans*
provinsie; wêreld

7. Gee die enkelvoud van die volgende woorde. bv. *mans - man*
nywerhede; middag

8. Gee die verkleiningsvorm van die volgende woorde, bv. *seun - seuntjie*
mynwerker; stad

9. Verbind die volgende sinne met mekaar. Gebruik elke keer die woord wat tussen hakies gegee word.

9.1 Gelukkig reën dit in die somer. Dit is warm. (wanneer)

9.2 *Gauteng* se geskiedenis het begin. 'n Mynwerker het goud ontdek (toe).

10. Skryf die volgende sin in die verlede tyd oor, bv. *Mpho eet pap. Mpho het pap geëet. Gauteng* kry elke jaar omtrent 850mm reën.

11. Skryf die volgende sin in die toekomstige tyd oor, bv. *Frans drink water. Frans sal water drink.*

In *Gauteng* word die meeste van die wêreld se goud uitgehaal.